VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

03 MEI 2020
HERDERSBRIEF #14B

Geliefde gemeente,

Dankie Vader, vir elke lied, elke gebed en elkeen se teenwoordigheid.

Dankie Vader, dat ons mekaar se laste kan dra, dat ons in liefde teenoor mekaar staan en mekaar verdra. Dankie Vader, dat ons in U die stryd mag stry en die geloof behou. Dankie Vader, dat ons verstaan en weet, ons behoort aan 'n geestelike familie. Dankie Vader, vir elkeen se wil wat onderworpe is aan U gesag. Dankie Vader, dat ons geroep is dat U ons nie as wese agtergelaat het nie, maar U ons die Heilige Gees gegee het.

Dankie Vader, dat ons deel is van die Liggaam van Christus. Hieraan sal die wêreld weet, dat ons U dissipels is, omdat ons mekaar liefhet. Dankie Vader, vir elkeen wat uitreik. Dankie Vader vir dienswerk. Dankie Vader, dat ons ten alle tye en onder alle omstandighede, U mag aanroep. Dankie Vader vir elke gebed, wat U verhoor. Dankie Vader vir alle voorsiening. As Liggaam van Christus is ons geroep om mekaar te dien. Dankie Vader, dat in die Liggaam van Christus, U Seun baie lede het. Dankie Vader, vir elke lid wat betrokke geraak het; en deur die Heilige Gees toegevoeg is. Dankie Vader, dat U Liggaam bestaan nie net uit Jode, maar ook die Grieke is deel van die Liggaam.

As **LIGGAAM VAN CHRISTUS**, is ons almal van een Gees deurdronge. Dankie Vader dat ons saam mekaar ondersteun*, "van een Gees deurdronge";* vra van elkeen van ons noodsaaklike dienswerk en emosionele betrokkenheid. Dankie Vader vir elkeen se gewilligheid – ***Ps. 110:3***. Dankie Vader, dat U ons vyande maak die voetbank van U voete – ***Ps. 110:1***. Dankie Vader dat ons duisternis opgeklaar het. Dankie Vader, dat U ons verhef bo ons teëstanders. Dankie Vader, dat ons teëstanders voor ons buk. Dankie Vader, dat u die tafel berei, voor ons aangesig teenoor ons teëstanders. Dankie Hemelse Vader: U is die Here ons Helper en ons kan neersien op die wie ons haat – ***Ps. 118:7***. Dankie Vader, dat ons by U kan skuil, want U is ons Helper. Dankie Vader dat ons op U kan vertrou, in plaas van om op die ***"edeles"*** te vertrou. Soos 'n doringtak-vuur, word dié uitgeblus, wat my omsingel. Daar is dié wat ons hard gestamp het, om ons te laat val, maar U het ons gehelp. Dankie Vader, dat U ons lot verander; ons kan uit ons binneste U loof en prys, want U het ons tot heil geword. Dankie Vader, vir die Gawe van die ewige lewe. Ons sal nie sterwe nie; ons sal lewe om U werke te verkondig. Dankie Vader, dat U ons nie aan die dood oorgegee het nie. Ons wil U loof omdat U ons verhoor het. Dankie Vader vir U hoeksteen in Sion – **JESUS CHRISTUS**. Dit het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë. Dankie Vader vir hierdie dag. Ons sal juig en bly wees. Dankie Vader, vir die wat gekom het, elkeen; om die Naam van die Here te verkondig.

Loof die Here, want Hy is goed, want Sy goedertierenheid is tot in alle ewigheid. Uit die benoudheid het ons U aangeroep, U het ons verhoor.

Die Here is met ons; ons sal nie vrees nie: wat kan 'n mens ons doen?

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335